BLACKSASH
MAKING HUMAN RIGHTS REAL

Black Sash eis dat die regering Basiese Inkomstesteun verskaf vir mense wat tussen 18 en 59 jaar oud is en min of geen inkomste het nie!

'n Krimpende ekonomie en Covid-19 het werkloosheid, armoede en ongelykheid erger gemaak. Die regering het maatskaplike bystandmaatreëls ingestel om die negatiewe uitwerking van die pandemie te buffer. Een van die maatreëls was die R350-Covid-19 Maatskaplike Noodbystandtoelaag (MNB) vir die werkloses, insluitend versorgers. Dit was 'n belangrike ingryping en 'n erkenning van die regering se kant dat die werkloses nie hulself kan onderhou nie. Ná druk van die samelewing is die toelaag verleng tot Maart 2024.

BELANGRIKE DEFINISIES!

BASIESE INKOMSTESTEUN

Basiese Inkomstesteun is 'n toelaag vir mense tussen 18 en 59 jaar oud wat geen of min inkomste ontvang nie, in 'n konteks waar dit moeilik is om werk te kry

ALGEMENE BASIESE INKOMSTETOELAAG

Algemene Basiese Inkomstetoelaag is geld wat die regering op 'n gereelde basis aan elke mens wat in Suid-Afrika woon, betaal. Dit maak nie saak of hulle werk of nie, of hulle wíl werk of nie, of hulle ryk of arm is en hoe oud hulle is nie.

BLACK SASH EIS DAT DIE REGERING

1. Permanente maatskaplike bystand implementeer vir mense tussen 18 en 59 jaar oud wat geag word as aan die boperk van die armoedsgrens van R1,558,00 per maand, insluitend diegene wat 'n kinderonderhoudtoelaag ontvang;
2. Die COVID-19-toelaagverhogings van R250 per maand weer installeer en dit permanent maak vir alle maatskaplike toelae;
3. Verseker dat die bogenoemde geld vir vlugtelinge, permanente inwoners, asielsoekers en trekarbeiders met spesiale permitte; en
4. Werk aan 'n algemene basiese inkomste!

EIENSKAPPE VAN 'N ALGEMENE BASIESE INKOMSTE

Algemeen

dit moet vir almal oop wees

Individueel

dit maak voorsiening vir individue, nie 'n gesin of ander eenheid nie

Onvoorwaardelik

daar is geen voorwaardes waaraan jy moet voldoen om te kwalifiseer nie

Menswaardig

Die bedrag van die inkomste moet hoog genoeg wees om seker te maak dat 'n mens met waardigheid kan leef en aan die samelewing kan deelneem

BLACKSASH
MAKING HUMAN RIGHTS REAL

Gegewe dat Suid-Afrika beperkte werkgeleenthede vir werkloses het, het ons 'n alomvattende bestaansveiligheidprogram nodig wat mense van hul basiese menseregte voorsien. Die MNB-toelaag is 'n teken dat die regering erken dat dit moeilik is om werk te kry en dat werkskepping gepaard moet gaan met maatskaplike toelae vir die werkloses. Die toelaag is die eerste stap na 'n maatskaplike bystandprogram vir die werkloses; die regering moet nou werk aan 'n permanente Basiese Inkomstetoelaag.

Regsverpligtinge

Die Grondwet is die opperwet van Suid-Afrika. Die regering het 'n grondwetlike plig onder Afdeling 27 van die Grondwet om die reg op maatskaplike bystand geleidelik te realiseer vir diegene wat hulself nie kan onderhou nie. Die regering het ook wetlik ingestem tot die Internasionale Verdrag oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte (IVEMKR). Die IVEMKR het aanbeveel dat "mense tussen die ouderdomme van 18 en 59 met min of geen inkomste toegang moet hê tot maatskaplike bystand" en dat 'n regering 'n algemene basiese inkomstetoelaag vir almal moet oorweeg. Die regering moet hierdie wette dringend implementeer!

LAAT JOU STEM GEHOOR WORD!

Besoek Amandla.mobi om ons petisie te onderteken en deel op sosiale media met #18tot59 jaar

Besoek www.blacksash.org.za of stuur 'n e-pos aan bis@blacksash.org.za om meer uit te vind

BASIC INCOME Support #18to59